IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPèL VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer 350/94

In die saak tussen

DEON MARTIN

Eerste Appellant

PHILIPPUS CORNELIUS KLOPPERS — Tweede Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: NIENABER, SCHUTZ eT PLEWMANARR VERHOOR: 11 NOVEMBER 1997 GELEWER: 21 NOVEMBER 1997

U I T S P R A A K

/NIENABER AR

NIENABER AR:

Die twee appellante, onderskeidelik 'n area kommandant en 'n hoofkommandant van die Afrikaner Weerstandsbeweging ('AWB'), is elk op vier moordklagtes ter dood veroordeel en op 'n verskeidenheid van ander klagtes, waaronder ses klagtes van poging tot moord, addisioneel tot 'n effektiewe tydperk van gevangenisstraf van twintig jaar gevonnis. Hulle was die gesamentlike bevelvoerders van 'n groep van altesaam nege AWB-lede wat op Sondagaand, 12 Desember 1993, op die vooraand van 'n bepiande massa-saamtrek van die AWB by die Voorírekkermonument, Pretoria, by Randfbntein bymekaar gekom en besiuit het om 'n kamma-padblokkade op te stel.

Blykens die eersfe appellant se verklaring aan die poìisie was die doei van die ekspedisie 'om van die kaffers voor te keer en te moer en te intimideer'; volgens die tweede appellant was dit om vuurwapens en ammunisie te buit met die oog op die oorlog wat na verwagting sou uitbreek ten einde die beplande algemene verkiesing van 27 April 1994 te

NIENABER AR:

Die twee appellante, onderskeidelik 'n area kommandant en 'n hoofkommandant van die Afrikaner Weerstandsbeweging ('AWB'), is elk op vier moordklagtes ter dood veroordeel en op 'n verskeidenheid van ander klagtes, waaronder ses klagtes van poging tot moord, addisioneel tot 'n effektiewe tydperk van gevangenisstraf van twintig jaar gevonnis. Hulle was die gesamentlike bevelvoerders van 'n groep van altesaam nege AWB-lede wat op Sondagaand, 12 Desember 1993, op die vooraand van 'n beplande massa-saamtrek van die AWB by die Voortrekkermonument, Pretoria, by Randfontein bymekaar gekom en besluit het om 'n kamma-padblokkade op te stel.

Blykens die eerste appellant se verklaring aan die polisie was die doel van die ekspedisie 'om van die kaffers voor te keer en te moer en te intimideer'; volgens die tweede appellant was dit om vuurwapens en ammunisie te buit met die oog op die oorlog wat na verwagting sou uitbreek ten einde die beplande algemene verkiesing van 27 April 1994 te

verhinder. Die uiteinde: 'n aaklige tragedie.

Op een na was die AWB-groep almal met vuurwapens gewapen en in kamoufleer-mondering geklee. Onder die wapentuig was daar twee haelgewere, twee tuisgemaakte haelgewere (bekend as 'pype'), en 'n aantal handwapens waaronder die tweede appellant se .38 Arminius rewolwer. 'n Prioriteit, nadat hulle opgeroep is om by Uncle Harry se padkafee in Randfontein te vergader, was drank. Eers is 'n bottel whisky uitgedrink. Daarna is hulle met nog brandewyn in twee motors vort, die eerste appellant se Mercedes Benz en 'n wit Nissan Sentra van een van die groep, die registrasienommers van albei waarvan met maskeerband verbloem is. Kort-kort is daar stilgehou om eers weer te drink. Op pad na hul bestemming is twee swart voetgangers uit die bloute aangeval en aangerand. Die padblokkade is by die Rodora-kruising op die Krugersdorp-Ventersdorp-pad opgestel. Van 'n simpatiseerder het hulle vooraf 'n blou lig en glim-toerusting in die hande gekry. Die Nissan Sentra, wat soos 'n motor van die verkeersdepartement gelyk het, is langs die pad gestasioneer

met die blou lig daarop gemonteer. Die plan was dat die twee appellante in die Mercedes Benz verkennerswerk sou doen: hulle sou voomit ry op soek na potensiële slagoffers; sodra hulle 'n geskikte motor met swart insittendes gewaar sou hulle vinnig omspnng, die teiken-motor verbysteek, hul ligte vir die Sentra fiikker, wat die teken sou wees dat die blou lig aangeskakel moes word. Die aankomende voertuig sou dan voorgekeer en van die pad afgetrek word. So gesê, so gedaan. Verskeie voertuie is op dié wyse tot stilstand gedwing. Abel Seboholi was een van die slagoffers. Hy het 'n Datsun bakkie bestuur. Nadat hy van die pad afgetrek is, is hy aangerand maar, gelukkig vir hom, toegelaat om weer te ry. Hy is onmiddeïlik na die polisie in Randfontein waar hy die insident aangemeld het. (Niks in die getuienis dui daarop dat die poïisie enige ag op hierdie klagte geslaan het nie.) Die insittendes van 'n Honda Ballade en 'n Toyota Cressida was nie so gelukkig nie. Volgens die staatsaak was daar drie insittendes in die Honda en sewe in die Toyota, waaronder drie kinders. Huile is aangesê om in 'n ry op die grond te gaan sit. Die kernbevinding van die verhoorhof

(Stegmann R en twee assessore in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling)

lui soos volg:

> 'Kort na 23:00 is 'n Honda Ballade met drie insittendes en 'n Toyota Cressida met sewe insittendes by die padblokkade gestop. Nadat die insittendes onwettiglik by wyse van visentering aangerand is, en in sekere gevalle by wyse van aanranding met die opset om ernstig te beseer, het ses of sewe lede van die sameswering in die pad bymekaargekom terwyl twee of drie oor die sittende ry mense waggehou het. Uit wat daarop gevolg het bevind ons dat daar net een redelike afleiding is wat gemaak kan word, naamlik dat daar toe, op die laatste, besluit is (as dit nie reeds vroeër in beginsel besluit was nie en op daardie stadium net bevestig was) dat die sameswering of gemeenskaplike oogmerk onmiddellik uitgebrei moet word tot 'n onwettige gewapende aanval op die padverbruikers wat in 'n ry langs die pad gesit het. Daar is ooreengekom dat die gewapende lede van die beskuldigdes se mag, dit wil sê almal behalwe Diedericks wat net 'n knuppel gedra het, hulle vuurwapens sou laai en gereed maak om wesenlik gelyktydig op die sittende mense te skiet voordat enigiemand sou kon opspring en in die donkerte verdwyn.
>
> Die oogmerk van die twee beskuldigdes was om die hele groep padverbruikers uit te wis en om sover moontlik geen getuienis agter te laat wat hulle moontlik met die misdaad sou kon verbind het. Hierdie sameswering of gemeenskaplike oogmerk is onmiddellik daarna uitgevoer.'

Vier van die mense is dood, twee op die toneel, een waarvan 'n dertienjarige kind, en twee later in die hospitaal. Die vier moordklagtes het op hulle betrekking. Daarna is nog drie ernstig beseer, terwyl van die ander gelukkiger was. Dit het gelei tot die ses klagtes van poging tot moord. Van die slagoffers is ook van hul besittings en klerasie beroof. Die verhoorhof kon nie bevind dat die twee appellante van die goed gevat het nie sodat hulle op die roofklag slegs van aanranding met die opset om ernstig te beseer, skuldig bevind is. Na die aanval is die Honda en die Toyota aan die brand gesteek, maar op die twee klagtes van saakbeskadiging is die appellante, op die getuienis, onskuldig bevind. Voor die groep AWB-aanvallers hulle uit die voete gemaak het, het die eerste appellant, volgens sy eie erkenning, die oor van een van die oorledenes, wat eers vyf dae later oorlede is, met sy jagmes afgesny. Op pad terug het hy die oor in sy motor aan die tweede appellant oorhandig wat dit in 'n plastieksak toegedraai en die volgende dag aan 'n generaal van die AWB gaan oorhandig het.

Die twee appellante appelleer teen hul skuldigbevindings, wat die moordklagtes betref uit hoofde van art 316A van die Strafproseswet, 1977; en wat die klagtes van poging tot moord betref uit hoofde van verlof wat die verhoorhof aan hulle verleen het. Teen die orige skuldigbevindings en vonnisse is daar geen appèl nie.

Die uitspraak van Stegmann R is lank en volledig. Dit vorm deel van die oorkonde en kan aldus geraadpleeg word. Dit is nie my voorneme om die hele paadjie met al sy droewige besonderhede netso te bewandel nie. Ek bepaal my by die gronde waarop namens die appellante betoog is dat hulle verkeerdelik skuldig bevind is.

Daardie gronde is tweërlei van aard. In die eerste plaas is betoog dat die gehalte van die staatsgetuies, veral die getuienis van Shabangu, so swak was dat hul getuienis onaanvaarbaar en gevolglik onbetroubaar is. Vervolgens, en voortspruitend daaruit, is betoog dat die appellante se weergawe nl. dat hulle spontaan gereageer het op 'n sarsie skote wat vanuit die donker op hulle afgevuur is, redelik moontlik waar kan wees. En as dit

so is, is die implikasie dat hulle glad nie in die rigting van die oorledenes en die beseerdes geskiet het nie en dus nie vir die dood en beserings van die oorledenes en die beseerdes verantwoordelik kon wees nie. Die skuld daarvoor pak hulle reêlreg op hul makkers.

Ek begin by die kwessie van die geloorwaardigheid van die belangrikste staatsgetuies. Shabangu was die enigste oorlewende van die drie insittendes in die Honda. Hy en twee van die oorledenes, Kau More (die oorledene in klagte 4) en Teboho Makhuza (die oorledene in klagte 2) was van Mafikeng na Springs onderweg. More was die bestuurder. Volgens Shabangu was hy, voor die voorval by die padblokkade, van die bestaan van die Cressida totaal onbewus. Toe hulle die blou lig by die padblokkade gewaar, is hulle voorgekeer en aangesê om langs die pad te gaan sit. Eers toe het die Toyota Cressida op die toneel verskyn. ïn bewysstuk F ('n verklaring wat voor die aanvang van die verhoor namens die appellante kragtens die bepalings van art 20(4)(a)(i) en (ii) van Wet 126 van 1992 voorberei is) het die appellante erken dat daar drie insittendes in

die Honda was toe dit by die padblokkade aangekom het. Hul daadwerklike getuienis is anders. Dit word soos volg deur die verhoorhof saamgevat:

> In hul getuienis het beskuldigdes 1 en 2 dit anders gestel. Hulle het elkeen getuig dat, hulle, soos gereél, in die Mercedes Benz na die westekant toe gery het om aankomende voertuie met swart insittende uit te soek. Die Nissan Sentra het toe by die T-aansluiting bly staan en die blou lig wat daarop gemonteer was was afgeskakel. Op pad na die westekant toe het hulle by twee voertuie wat in die teenoorgestelde rigting gery het, verbygegaan. Dit was die betrokke Honda Ballade en die Toyota Cressida. Albei het swart insittendes gehad. Hulle het teen dieselfde spoed taamlik naby aan mekaar gery. Die beskuldigdes het die indruk gekry dat die twee motors in mekaar se geselskap ry. Hulle het die twee voertuie as gepaste slagoffers vir die padblokkade beskou.
>
> Beskuldigde 1 het toe 'n U-draai gemaak en vinnig terug ooswaarts gery. Hy het die Honda Balade en die Toyota Cressida verbygesteek. Die beskuldigdes het nog steeds die indruk gekry dat die twee voertuie in mekaar se geselskap ry. Nadat die Mercedes Benz by hulle verby was het beskuldigde 1 die hoofligte geflikker. Dit was die ooreengekome sein. Andrê Visser het, soos gereël, die blou lig op die Nissan Sentra aangeskakel. Die Mercedes Benz het by die padblokkade aangekom. Beskuldigde 1 het dit op die grondskouer langs die teerpad 'n paar meter ten weste van die Nissan Sentra tot stilstand gebring. Die Honda Ballade en die Toyota Cressida het nie so gou soos beskuldigdes dit verwag het, aangekom

nie.

Beskuldigde 1 het getuig dat hy na die westekant, waarvandaan die twee voertuie sou aankom, die geluid gehoor het van twee voertuigdeure wat toegemaak word. Beskuldigde 1 het afgelei dat die Honda Ballade en die Toyota Cressida ongeveer 200 meter ten weste van die padblokkade iets of iemand afgelaai het. Dit het hom ongemaklik laat voel en hy het vir ander lede van die AWB groep gesê om versigtig te wees vir moeilikheid wat in die volgende geval mag kom. Die Honda Ballade en die Toyota Cressida het daarna wesenlik gelyktydig by die padblokkade aangekom. Hulle is van die pad afgetrek. Hulle het tot stilstand gekom met die Honda Ballade 'n meter of twee na die oostekant van die chevronbord en die Toyota Cressida 'n meter of twee agter die Honda Ballade en langs die chevronbord. Die AWB lede het die insittendes laat uitklim. Daar was slegs twee insittendes in die Honda Ballade (en nie drie soos in bewysstuk F aangedui nie), en sewe insittendes in die Toyota Cressida.'

Van die sewe insittendes in die Toyota Cressida het drie getuig: Petrus Mothupi, sy broer Abram en William Segotsane. Almal van hulle het ontken, soos Shabangu ook, dat die Honda en die Toyota in konvooi saamgery het. Die insittendes van die onderskeie motors het mekaar trouens glad nie geken nie. Al drie getuig dat die Cressida 'n ent voor die

padblokkade stilgehou het om die kinders in die voertuig kans te gee om water af te slaan. Segotsane getuig wel dat hy opgelet het dat 'n Honda by daardie plek vir 'n oomblik gestop het en toe by hulle verby is. Kort na hulle weer begin ry het, is hulle by die blou lig voorgekeer. Die Honda was reeds daar. Dit is oor die vraag of daar op daardie stadium ook 'n wit bakkie op die toneel was, dat daar teenstrydighede in die getuienis van die verskillende staatsgetuies ontstaan het.

Dat daar 'n bakkie op die toneel was wat gestop het, en weer met behulp van die AWB-lede aan die gang gestoot is, is onteenseglik so. Albei die appellante en Matthews, 'n mede AWB-lid wat vir die staat getuig het, sowel as ander van die staatsgetuies, getuig daaroor. Maar volgens die appellante het dit gebeur voor die Cressida en die Honda op die toneel verskyn het, wat onversoenbaar is met die getuienis van Shabangu dat die Honda eerste gestop het, daarna die Cressida en eers daarna die bakkie. Petrus Mothupi en sy broer Abram, passasiers in die Cressida, getuig weer dat die bakkie daar was voor hulle gearriveer het terwyl 'n mede-passassier

in die Cressida, Segotsane, getuig het dat die bakkie eers gearriveer het nadat die Honda en die Cressida daar aangekom het. Gelet op dié teenstrydighede is daar namens die appellante betoog dat die staatsgetuies die saak so dikwels met mekaar bespreek, en hul getuienis dermate aangepas het, dat hul weergawes nie meer hul eie was nie.

Dit is so dat die getuies almal by 'n vorige verhoor teen die ander AWB-lede getuig het en dat dit nie die eerste keer is dat die storie van die bakkie ter sprake gekom het nie. Die verhoorhof bevind in dié verband dat die betoog namens die appellante korrek is:

> 'Waarskynlik was daar nooit so 'n bakkie op die toneel toe die Honda Ballade en die Toyota Cressida daar was nie. Dit was 'n aanduiding dat die ooggetuies die gebeure agterna onder mekaar bespreek het; dat hulle by iemand verneem het dat so 'n bakkie op een of ander stadium daar was; en dat hulle om een of ander duistere rede besluit het om almal iets oor so 'n bakkie te sê. Die gevolg was dat daar aansienlike weersprekings oor die bakkie was. Hulle het sodoende 'n situasie geskep waarin dit vir ons nodig was om baie noukeurig en versigtig na hulle betroubaarheid as getuies te kyk. Nadat ons dit gedoen het is dit vir ons duidelik dat die onbevredigende situasie rondom die bakkie geensins 'n einde aan die staatsaak maak nie.

> Inteendeel, as die bakkie episode, waaroor die getuies klaarblyklik weersprekende weergawes gegee het, op eenkant gelaat word, is daar geen ander noemenswardige kritiek teenoor die staatsgetuies wat gemaak kan word nie.'

Met dié benadering gaan ek akkoord.

Met hierdie cavaet voor oë word dit nodig om die appellante se verweer, as sou hulle in noodweer gehandel het, in die lig van veral hul eie getuienis en die waarskynlikhede te beoordeel. Dié noodweer-verweer is op die tweede dag van die verhoor vir die eerste keer geopper. Dit vind 'n mate van aansluiting by die getuienis dat die Cressida en, so het die appellante geglo, ook die Honda, 'n ent voor die padblokkade stilgehou het. Dat dit die agterdog van die AWB-kader gaande gemaak het, is gewis. Die insittendes van die twee voertuie is hardhandig ondervra en Petrus Mothupi, wat 'n passassier in die Cressida was, is met die Mercedes Benz teruggeneem na die plek waar die Cressida vroeêr stilgehou het. Hy is aangesê om te wys wat daar afgelaai is maar niks van belang is gevind nie. So is aan die appellante gerapporteer maar albei van hulle getuig dat hulle

sonder dwang of onbehoorlike beïnvloeding aan die polisie gemaak is, is daar selfs 'n sweempie van 'n suggestie van so 'n verweer nie. By geeneen van die uitwysings is enige poging aangewend om die plek of rigting aan te wys vanwaar die skote na bewering uit die donker op hulle gevuur sou gewees het nie. Die versuim om hierdie verweer, wat die pit van hul verdediging is, by díe eerste die beste geleentheid te opper, kon nie deur die appellante in getuienis verklaar word nie en bly onverklaarbaar.

In die tweede plaas is hierdie weergawe in stryd met wat die appellante vooraf aan die polisie verduidelik het. Aldus het die eerste appellant in sy verklaring aan kapt. Kruger gesê:

> 'Iemand van ons het gevra of hulle aan die ANC behoort en een van hulle het gesê "Ja" en ek het twee skote gehoor klap. Ek het in die algemeen geskiet, 5 skote met my haelgeweer. Dit was baie donker en ek kon nie mooi sien nie.'

Tydens die uitwysing het hy aan majoor Heiliger verklaar: 'Die oorledenes het hier gesit toe ons hulle geskiet het.' (My kursivering). Die tweede appellant het aan maj. Dempsey gesê: 'Een van die haelgewere aan my

desondanks vermoed het dat iets of iemand daar afgelaai was. Terwyl hulle by die padblokkade gestaan het, so getuig die eerste appellant, het daar skielik twee skote uit die donker geklap: die een het soos 'n haelgeweerskoot geklink, die ander soos dié van 'n handwapen. Die eerste appellant het aanvaar, so getuig hy, dat daar op hulle aangelê word. Hy skiet dadelik terug, in die rigting vanwaar die skote kom, wat 'n ander rigting was as waar die insittendes van die Honda en die Cressida op daardie stadium in 'n ry langs mekaar op die grond gesit het. Terselfdertyd begin die ander lede van die AWB ook skiet. Die tweede appellant beaam hierdie weergawe. Hy hoor net een skoot vanuit die noordekant, uit die donker, in welke rigting, weg van die mense op die grond, hy die vuur onmiddellik beantwoord.

Die groot vraag is of hierdie weergawe redelik moontlik waar kan wees.

Soos reeds vermeld is dit op 'n relatiewe laat stadium vir die eerste keer geopper. Nêrens in die appellante se verklarings of uitwysings wat

linkerkant het afgegaan. Toe begin almal te skiet.' Uit die samehang van die verklaring as geheel is dit klinkklaar dat hy na die haelgewere van sy eie groep verwys het.

Op die appellante se rekonstruksie van wat die skietery alles voorafgegaan het, moes Shabangu en More by die plek afgeklim het waar die twee motors sou gestop het, 'n ent duskant die padblokkade, en dit kon alleen maar gewees het met die oogmerk om deur die veld te loop om 'n aanval vanuit die donkerte op die padblokkades se bemanning te loods. Dit sou dan die geval wees in weerwil daarvan dat Makhuza (die oorledene in klagte twee vermeld) die Honda verder na die padblokkade sou moes bestuur het, wetende dat hy hom doelbewus in sy makkers se direkte spervuur sou vasloop. Op daardie hipotese sou daar ook nie drie insittendes in die Honda gewees het toe dit by die padblokkade aangekom het nie (soos die appellante aanvanklik beweer het), of twee (soos hulle later beweer het), maar slegs een. Dit sou dan Shabangu en More wees wat met 'n haelgeweer en 'n handwapen gewapen op die gewapende AWB-mag sou losbrand. Dit

is daardie skote wat kwansuis weer deur die appellante beantwoord sou gewees het waartydens More in die donker in die kop getref is. Terselfdertyd sou die ander AWB-lede ook begin skiet het, vreemd genoeg in 'n ander rigting, op 'n afstand van 'n paar treë, na die persone wat in 'n ry langs die pad gesit het.

Steun vir dié scenario word in veral die volgende feite gesoek: die plek waar More se lyk later gevind is, wat die plek sou aandui waarheen die appellante gevuur het; en die vind van 'n haelgeweer-pluisie in die nabyheid van More se lyk, wat die plek sou aandui vanwaar More gevuur het. Shabangu se getuienis was egter dat hy die swaargewonde More van die plek weggesleep het waar More langs die pad raakgeskiet is omdat hy bang was dat die Honda wat deur die AWB-lede aan die brand gesteek is, sou ontplof. Dié stukkie getuienis van Shabangu, so is namens die appellante betoog, kan nie waar wees nie, want daar was geen bloedspoor gevind wat na die plek lei waar More se lyk ontdek is nie. Tereg antwoord die staat dat die aanwesigheid van die pluisie en die afwesigheid van 'n

bloedspoor, op verskeie moontlike maniere verklaar kon word, waaroor mens alleen maar kan spekuleer, en dat dit op sigself geen duidelike bewys na óf die een óf die ander kant daarstel nie. Dat Shabangu self nie raakgeskiet is nie, is ook niksseggend - ook van die ander mense wat daar gesit het, is nie verwond nie.

Waarop daar namens die appellante geen afdoende antwoord verstrek kon word nie, is dat twee koeëlpunte (wat volgens die ballistiese getuienis en by wyse van 'n proses van eliminasie alleen maar van die tweede appellant se Armenius vuurwapen afkomstig kon gewees het) tydens die lykskouings onderskeidelik in die kop van More en in die klere van Makhuza gevind is. Makhuza was, volgens die appellante se eie rekonstruksie, die bestuurder van die Honda en was dus nie deel van die gewaande aanvalsmag nie. Volgens die staatsgetuies het Makhuza langs More op die grond gesit. Die hof bevind:

> 'Aangesien More se linkerskouer teenaan Makhuza was, moet die waarskynlikheid dat die koeêl wat in Makhuza se klere gevind is, die koeël is wat deur More se linkerskouer geírek het, redelik hoog wees.

> Daardie koeël is sonder twyfel uit beskuldigde 2 se rewolwer afgeskiet. Daar bestaan met ander woorde 'n waarskynlikheid dat beskuldigde 2 vir More in die skouer geskiet het.
>
> Die tweede skietwond wat op More se lyk gevind is, is deur 'n koeël wat bokant sy linkeroor sy kop binnegedring het veroorsaak. Die koeël het deur sy brein getrek, en ook deur sy skedel regs agter. Daar het die koeël gestop. Dr. Theron het dit daar uitgehaal. Dit is nou bewysstuk 17.'

Gesien die omstandighede waaronder die skote volgens die appellante afgevuur is, kan die moontlikheid dat dit 'n opslagkoeël was wat in Makhuza se klere gevind is, met vrymoedigheid buite rekening gelaat word. En dit bewys dat die tweede appellant wel in die rigting van die mense langs die pad geskiet het.

Onmiddellik na die aanval was alles skielik stil. Die meeste van die AWB-lede het hulle in die een voertuig uit die voete gemaak. Die twee appellante en twee ander lede het agtergebly en in die lig van 'n flits doppies gesoek. Die eerste appellant het die oor van een van die slagoffers, toe nog lewend, afgesny. Klaarblyklik was die appellante op daardie stadium nie begaan oor die moontlike teenwoordigheid van 'n gewapende

mag aanvallers in die donker nie. Trouens geen vuurwapens waarmee die aanval teen hulle geloods kon gewees het, is dié aand of die volgende oggend deur die polisie op die toneel gevind nie.

Een ding, alles in ag genome, is duidelik: die appellante se noodweer-verweer is pure fiksie. Die verhoorhof verwerp dit as vergesog. Ek stem saam.

Die optrede van die appellante voor, tydens en na die gewraakte gebeure, dui daarop dat hulle laatstens toe die aanval op hul weerlose slagoffers geloods is, die gemeenskaplike oogmerk gehad het om hul slagoffers om die lewe te bring. Die aard en omvang van die beserings wat die oorledenes en die beseerdes opgedoen het, is op geen ander wyse verklaarbaar nie. Die verhoorhof bevind dat die vorm van opset waarmee hulle opgetree het dolus directus was. Daar is nie namens die appellante betoog dat hierdie bevinding verkeerd sou wees indien die noodweer-verweer faal nie.

Die appellante se appèl teen hul skuldigbevindings kan gevolglik nie

slaag nie. Wat die doodvonnisse betref, is dit die gebruik om in gevalle soos hierdie die aangeleentheid na die verhoorhof terug te verwys om opnuut oor die kwessie van vonnis te besin. Die volgende bevele word gemaak:

1. Die eerste en tweede appellante se appèlle teen hul skuldigbevindings ten opsigte van klagtes 1 tot 10 word van die hand gewys.

2. Die eerste en tweede appellante se appèlle teen die doodvonnisse wat hulle ten opsigte van klagtes 1 tot 4 opgelê is, slaag en sodanige vonnisse word tersyde gestel.

3. Die hele aangeleentheid word na die verhoorhof terugverwys vir die oplegging van behoorlike vonnisse ten opsigte van klagtes 1 tot 4.

P M Nienaber
Appèlregter

<u>Stem saam</u>:
Schutz AR
Plewman AR